

5 November

Skrifgedeelte: Filémon verse 1-9  
Fokusgedeelte: Filémon verse 4, 5, 7

## Dank God vir jou medegelowiges

Dink vir 'n oomblik aan gelowiges rondom jou en wat hulle vir jou beteken. Dit kan jou man, vrou en kinders wees. Dit kan jou maats in die skool wees. Dit kan die mense wees wat elke dag saam met jou werk. Medegelowiges beteken vir ons so baie, elke dag. Kom ons dank God opnuut vir hulle.

Paulus is op hierdie stadium in die gevangenis. Hy skryf hierdie brief aan Filémon, 'n getroue gelowige in die gemeente van Kolosse. Soos 'n geestelike vader het Paulus vir Filémon tot geloof gelei. Nou het die Here dit so beskik dat Paulus nog iemand tot geloof gelei het. Dit is Onesimus, die slaaf van Filémon wat van hom af weggeloop het. Paulus gaan in hierdie briefie met Filémon in besonder oor Onesimus praat. Voordat hy dit doen, vertel hy van sy dankbaarheid teenoor die Here. Hy dank God vir Filémon se liefde en trou wat hy aan die Here Jesus en aan al die gelowiges bewys.

Paulus dank God vir 'n medegelowige. Hy het God se werk in Filémon raakgesien. Filémon is deur die Heilige Gees lewend gemaak. Hy is lief vir Christus en Hy glo in Christus, hy is getrou aan Hom. Filémon leef sy geloof in Christus ook uit in sy verhouding met sy medegelowiges. Hy is getrou en vol liefde teenoor sy medegelowiges in Kolosse. Dis die soort liefde wat die Here van sy kinders verwag teenoor ander. Nie 'n wêreldse liefde nie. Filémon is lief vir sy medegelowiges, nie omdat hulle so besonders is of wonderlike eienskappe het nie. Hy is lief vir hulle ondanks hulle gebreke en sonde. In ware liefde soek hy ander se voordeel en nie sy eie nie. Hy het die harte van sy medegelowiges verkwik. Hy het sy medegelowiges gedra, hulle ondersteun, hulle nuwe moed en krag gegee. Sy lewe is nuut gemaak deur die Gees van God. En daarvoor dank Paulus die Here.

Kom ons doen dit weer vandag. Dank die Here vir jou medegelowiges. Dank Hom vir sy werk wat hy uit genade en liefde in jou medegelowiges doen. Hulle wat jou elke dag omring met begrip, liefde, aanmoediging en ondersteuning en wat vir jou 'n voorbeeld van geloof in Christus is.

Sing: Psalm 86:3 ,6 (1936)

Ds L du P van der Vyver (Silverton)